SPESIALE VERSLAG

Gif in die spruit

Die Wonderfonteinspruit aan die Wes-Rand naby Johannesburg is erg besoedel met radioaktiewe gifstowwe afkomstig van omliggende myne.

Volgens die Departement van Watersake en Bosbou (DWAF) sit die uraan-partikels egter in die sediment vas en is daar geen onmiddellike gevaar nie. Kundiges gaan binnekort aanbevelings maak oor hoe die spruit gerehabiliteer moet word.

Maar 'n ontleding van groente en vis in die omgewing deur die Suid-Afrikaanse Kernenergiekorporasie (Necsa) wys radioaktiewe gifstowwe het reeds in die voeldselketting beland. Volgens Marius Keet, Adjunkdirekteur: Watergehaltebestuur by DWAF, is die monsters egter eenmalig geneem en kan 'n mens nie sulke drastiese afleidings daaruit maak nie.

Daar is wel kommer dat die radioaktiewe stowwe in die water kan oplos (bv. weens suur afloopwater wat van myne kom). Daar is bewerings dat sulke afloopwater reeds die ondergrondse water in daardie omgewing met swaar metale (soos uraan, lood, kadmium, arseen, sink en kobalt) besoedel het. Marius sê daar was in die verlede nie streng wetgewing oor die stort van swaar metale deur myne nie. Sulke wetgewing is egter nou ingestel.

Mariëtte Liefferink van Sandton, wat reeds tien jaar lank 'n veldtog voer vir die rehabilitasie van die Wonderfontein-opvanggebied, sê nie net die water nie, maar ook die grond is met swaar metale besoedel. Daar woon sowat 400 000 mense in dié gebied wat strek van Randfontein tot duskant Potchefstroom.

Hoe veilig ís kraanwater?

Ons hoor dikwels ons kraanwater is van wêreldgehalte. En dit blyk steeds só te wees, mits jy in 'n groot dorp of stad woon. Op die platteland? Wel . . .

Soos Leonardo Manus, hoof: eenheid vir watergehalte by die Departement Watersake en Bosbou (DWAF), dit diplomaties stel: "Daar is minder vertroue in die manier waarop die gehalte van ons drinkwater op die platteland bestuur word." Dit is onder meer weens 'n tekort aan geld, mannekrag en kennis – sowat 80 SA munisipaliteite het geen waterbestuur-tegnici nie.

Ons rouwaterbronne word besoedel deur onder meer stukkende rioolpype. Enige water kán 100% gesuiwer word om drinkwater van uitstekende gehalte te lewer. Maar hoe vuiler dit aanvanklik is, hoe duurder die suiweringsproses. Die behandeling moet ook aangepas word soos die watergehalte wissel, en daarvoor is tegniese vaardigheid nodig.

Gebottelde water is nie noodwendig gesonder as **kraanwater** nie

'n Elektroniese moniteringstelsel is sedert 2005 landwyd in werking. Sowat 84% van munisipaliteite stuur maandeliks watermonsters na goedgekeurde laboratoriums. (Die res het nie daarvoor begroot nie, is nie naby 'n laboratorium nie, het niemand om die monsters te neem nie, ens.) Probleme word geïdentifiseer en kry aandag.

Leonardo sê sowat 94% van dié munisipaliteite voldoen tans aan die SA standaard vir gehaltewater (wat gesondheidsaspekte betref). Dit word teen internasionale standaarde gemeet.

Jeff Rudin, navorser by die SA Unie vir Munisipale Werkers, het vroeg verlede jaar gesê ons sit op 'n water-tydbom en dieselfde krisis as Eskom s'n wink. Deesdae is hy 'n bietjie meer optimisties. Die regering erken minstens nou daar is 'n probleem. Die groot vraag is of hulle iets daaraan gaan dóén. "Ek hou nie asem op nie," sê hy.

Maar dr. Marlene van der Merwe-Botha, water- en waterafvalspesialis by die Suider-Afrikaanse Water-instituut (WISA) in Johannesburg, sê die Departement van Waterwese het reeds probleemgebiede geïdentifiseer en daad-werklike stappe gedoen om dit reg te stel.

Die beste kraanwater in die land? Leonardo se eie keuse is Johannesburg en Kaapstad. (En Johannesburgers drink juis die meeste gebottelde water!)

*Vir enige wateraangeleenthede, hetsy gehalte, tariewe, lekkasies, ens., skakel 0800 200 200 tolvry. DWAF se webblad: www.dwaf.gov.za. Rand Water se watergehalte-webblad: www.reservoir.co.za

Drink jouself jonger

Aqua Bimini is mineraalwater uit die **Sederberge** waarby die jeug-elikser **Quin Max™** gevoeg word. Dis gemaak van **kinasuur**, 'n plant-ekstrak. Navorsing oor Quin Max™ se vermoë om **DNA** te **beskerm** en te herstel (en jou dus **jonger** te laat lyk én voel) is in verskeie wetenskaplike joernale gepubliseer. Drink 'n **bottel per dag** en sien resultate.

*Vir meer inligting, besoek www.aquabimini.com of skakel 0860 246 464.

Spes verslag WATER2.indd 5 12/17/08 9:45:49 AM